

REPUBLIC  
OF  
SOUTH AFRICA



REPUBLIEK  
VAN  
SUID-AFRIKA

# Government Gazette Staatskoerant

*Regulation Gazette*

**No. 5844**

*Regulasiekoerant*

Vol. 379

PRETORIA, 31 JANUARY 1997  
JANUARIE 1997

**No. 17746**

## PROCLAMATION

*by the*

*President of the Republic of South Africa*

**No. R. 8, 1997**

**CHOICE ON TERMINATION OF PREGNANCY ACT, 1996 (ACT No. 92 OF 1996)**

### COMMENCEMENT

Under section 14 of the Choice on Termination of Pregnancy Act, 1996 (Act No. 92 of 1996), I hereby determine **1 February 1997** as the date on which the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-second day of January, One thousand Nine hundred and Ninety-seven.

**N. R. MANDELA**

**President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**N. C. ZUMA**

**Minister of the Cabinet**

**PROKLAMASIE***van die****President van die Republiek van Suid-Afrika*****No. R. 8, 1997****WET OP KEUSE OOR DIE BEËINDIGING VAN SWANGERSKAP, 1996 (WET No. 92 VAN 1996)****INWERKINGTREDING**

Kragtens artikel 14 van die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap, 1996 (Wet No. 92 van 1996), bepaal ek **1 Februarie 1997** as die datum waarop daardie Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Twee-en-twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehoonderd Sewe-en-negentig.

**N. R. MANDELA****President**

Op las van die President-in-Kabinet:

**N. C. ZUMA****Minister of the Cabinet****PROCLAMATION***by the****President of the Republic of South Africa*****No. R. 11, 1997****ANTARCTIC TREATIES ACT, 1996 (ACT No. 60 OF 1996)**

In terms of section 14 of the Antarctic Treaties Act, 1996 (Act No. 60 of 1996), I hereby determine **1 February 1997** as the date on which the said Act shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Twenty-second day of January, One thousand Nine hundred and Ninety-seven.

**N. R. MANDELA****President**

By Order of the President-in-Cabinet:

**Z. P. JORDAN****Minister of the Cabinet****PROKLAMASIE***van die****President van die Republiek van Suid-Afrika*****No. R. 11, 1997****WET OP ANTARKTIESE VERDRAE, 1996 (WET No. 60 VAN 1996)**

Kragtens artikel 14 van die Wet op Antarktiese Verdrae, 1996 (Wet No. 60 van 1996), bepaal ek hierby **1 Februarie 1997** as die datum waarop genoemde Wet in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, hierdie Twee-en-twintigste dag van Januarie Eenduisend Negehoonderd Sewe-en-negentig.

**N. R. MANDELA****President**

Op las van die President-in-kabinet:

**Z. P. JORDAN****Minister van die Kabinet**



## GOVERNMENT NOTICES GOEWERMENSKENNISGEWINGS

### DEPARTMENT OF MINERALS AND ENERGY DEPARTEMENT VAN MINERALE EN ENERGIE

**No. R. 150****31 January 1997**

MINE HEALTH AND SAFETY ACT, 1996 (ACT No. 29 OF 1996)

**NOMINATION FOR MEMBERS OF TRIPARTITE INSTITUTIONS**

In terms of regulation 18.1 under the Mine Health and Safety Act, 1996 (Act No. 29 of 1996), published by Government Notice No. R. 93 of 15 January 1997, all registered trade unions with members who are employed or working at a mine and all employers' organisations with owners of mines as members are hereby invited to nominate persons for appointment as members of the Mine Health and Safety Council and its permanent committees, the Mining Regulation Advisory Committee, the Mining Occupational Health Advisory Committee and the Safety in Mines Research Advisory Committee and of the Mining Qualifications Authority.

Every nomination must be submitted in writing within 30 days of the publication of this notice to the Chief Inspector: Department of Minerals and Energy, Private Bag X59, Pretoria, 0001, and must contain—

- (a) the name, address and a short *curriculum vitae* of the nominee;
- (b) the tripartite institution for which the person is nominated; and
- (c) if submitted by—
  - (i) a registered trade union, a statement of the number of persons employed or working at mines who are members of the union; or
  - (ii) an employer's organisation, a statement of the number of employees employed by owners of mines who are members of the organisation.

**D. BAKKER****Chief Inspector****No. R. 150****31 Januarie 1997**

WET OP GESONDHEID EN VEILIGHEID IN MYNE, 1996 (WET No. 29 VAN 1996)

**NOMINASIE VIR LEDE VAN DRIELEDIGE INSTELLINGS**

Ingevolge regulasie 18.1 kragtens die Wet op Gesondheid en Veiligheid in Myne, 1996 (Wet No. 29 van 1996), gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 93 van 15 Januarie 1997, word alle geregistreerde vakbonde met lede wat in diens of werksaam is by 'n myn hierby uitgenooi om persone te nomineer vir aanstelling as lede van die Raad op Gesondheid en Veiligheid in Myne en sy permanente komitees, die Adviserende Komitee oor Mynbouregulasies, die Adviserende Komitee oor Beroepsgesondheid in Mynbou en die Adviserende Navorsingskomitee oor Veiligheid in Myne, en van die Mynboukwalifikasie-owerheid.

Elke nominasie moet binne 30 dae na publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik ingedien word by die Hoofinspekteur: Departement van Minerale en Energie, Privaatsak X59, Pretoria, 0001, en moet—

- (a) die naam, adres en 'n kort *curriculum vitae* van die genomineerde bevat;
- (b) die drieledige instelling waarvan die persoon genomineer word, bevat; en
- (c) indien ingedien word deur—
  - (i) 'n geregistreerde vakbond, 'n staat van die aantal persone in diens of werksaam by 'n myn wat lede is van die vakbond bevat; of
  - (ii) 'n werkgewersorganisasie, 'n staat van die aantal werknemers in diens van eienaars van myne wat lede is van die organisasie.

**D. BAKKER****Hoofinspekteur**

**DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS  
DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE**

**No. R. 170****31 January 1997**

ALIENS CONTROL ACT, 1991 (ACT No. 96 OF 1991)

**ALIENS CONTROL REGULATIONS (FEES)**

The Minister of Home Affairs has, in terms of section 56 of the Aliens Control Act, 1991 (Act No. 96 of 1991), made the regulations in the Schedule.

**SCHEDULE****Definition**

1. In this Schedule "the Regulations" means the First Amendment of the Aliens Control Regulations (Fees) published by Government Notice No. R. 1524 of 18 October 1996.

**Commencement**

2. The Regulations shall be deemed to have commenced on 1 July 1996.

**Short title**

3. These regulations shall be called the Second Amendment of the Aliens Control Regulations (Fees), 1997.

**No. R. 170****31 Januarie 1997**

WET OP VREEMDELINGE-BEHEER, 1991 (WET No. 96 VAN 1991)

**REGULASIES OP VREEMDELINGE-BEHEER (GELDE)**

Die Minister van Binnelandse Sake het, kragtens artikel 56 van die Wet op Vreemdelinge-beheer, 1991 (Wet No. 96 van 1991), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

**BYLAE****Woordomskeywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die Eerste Wysiging van die Regulasies op Vreemdelinge-beheer (Gelde) gepubliseer deur Goewermentskennisgewing No. R. 1524 van 18 Oktober 1996.

**Inwerkingtreding**

2. Die Regulasies word geag op 1 Julie 1996 in werking te getree het.

**Kort titel**

3. Hierdie regulasies heet die Tweede Wysiging van die Regulasies op Vreemdelinge-beheer (Gelde), 1997.

**DEPARTMENT OF AGRICULTURE  
DEPARTEMENT VAN LANDBOU**

**No. R. 169****31 January 1997**

MARKETING OF AGRICULTURAL PRODUCTS ACT, 1996 (ACT No. 47 OF 1996)

**MILK SCHEME: AMENDMENT\***

I, Derek André Hanekom, Minister of Agriculture, acting under section 27 (2) of the Marketing of Agricultural Products Act, 1996 (Act No. 47 of 1996), hereby—

- (a) publish the amendment set out in the Schedule, of the Milk Scheme published by Government Notice No. R. 2492 of 24 December 1993, as amended; and
- (b) declare that the said amendment shall come into operation on the date of publication hereof.

**D. A. HANEKOM****Minister of Agriculture****\* Amendment of imposition of levy.****SCHEDULE****Definition**

1. In this Schedule "the Scheme" means the Milk Scheme published by Government Notice No. R. 2492 of 24 December 1993, as amended by Government Notices Nos. R. 884 of 6 May 1994 (as corrected by Government Notice No. R. 1248 of 15 July 1994), R. 1594 of 23 September 1994, R. 1891 of 4 November 1994, R. 1386 of 8 September 1995 and R. 1253 of 2 August 1996.

**Amendment of section 26 of the Scheme**

2. Section 26 of the Scheme is hereby amended by the substitution of subsection (2) with the following:

"(2) A levy imposed in terms of subsection (1) shall—

- (a) be payable by the producer on milk produced by him for the purpose of the sale thereof;
- (b) be payable by a producer on milk processed by him, which milk was also produced by him, for purpose of the sale thereof; and
- (c) be payable by the importer on milk imported by him into the Republic."

**No. R. 169****31 Januarie 1997**

WET OP BEMARKING VAN LANDBOUPRODUKTE, 1996 (WET No. 47 VAN 1996)

**MELKSKEMA: WYSIGING\***

Ek, Derek André Hanekom, Minister van Landbou, handelende kragtens artikel 27 (2) van die Wet op Bemarking van Landbouprodukte, 1996 (Wet No. 47 van 1996)—

- (a) publiseer hierby die wysiging in die Bylae uiteengesit, van die Melkskema gepubliseer by Goewermmentskennigsgewing No. R. 2492 van 24 Desember 1993, soos gewysig; en
- (b) verklaar hierby dat genoemde wysiging op datum van publikasie hiervan in werking tree.

**D. A. HANEKOM****Minister van Landbou****\* Wysiging van oplegging van heffing.****BYLAE****Woordomskrywing**

1. In hierdie Bylae beteken "die Skema" die Melkskema gepubliseer by Goewermmentskennigsgewing No. R. 2492 van 24 Desember 1993, soos gewysig deur Goewermmentskennigsgewings Nos. R. 884 van 6 Mei 1994 (soos verbeter deur Goewermmentskennigsgewing No. R. 1248 van 15 Julie 1994), R. 1594 van 23 September 1994, R. 1891 van 4 November 1994, R. 1386 van 8 September 1995 en R. 1253 van 2 Augustus 1996.

**Wysiging van artikel 26 van die Skema**

2. Artikel 26 van die Skema word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende te vervang:

"(2) 'n Heffing ingevolge subartikel (1) opgelê, is—

- (a) deur die produsent betaalbaar op melk wat deur hom geproduseer is vir doeleindes van die verkoop daarvan;
- (b) deur die produsent betaalbaar op melk wat deur hom verwerk is, welke melk ook deur hom geproduseer is, vir doeleindes van die verkoop daarvan; en
- (c) deur die invoerder betaalbaar op melk wat deur hom in die Republiek ingevoer word."

**DEPARTMENT OF HEALTH  
DEPARTEMENT VAN GESONDHEID**

**No. R. 168****31 January 1997****REGULATIONS UNDER THE CHOICE ON TERMINATION OF PREGNANCY ACT, 1996 (ACT No. 92 OF 1996)**

The Minister of Health has, in terms of section 9 of the Choice on Termination of Pregnancy Act, 1996 (Act No. 92 of 1996), made the regulations in the Schedule.

**SCHEDULE****Definitions**

1. In these regulations any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear such meaning and, unless the context otherwise indicates—

"annexure" means an annexure to these regulations;

"facility" means a place designated by the Minister in terms of section 3 of the Act where the termination of a pregnancy may take place;

"form" means a form drawn up and made available by the Director-General with regard to the termination of a pregnancy;

**"form 1"** means the Departmental form set out in Annexure A which is used to notify the person in charge of a facility of the termination of a pregnancy in terms of section 2 (1) (a) or (b) of the Act;

**"form 2"** means the Departmental form set out in Annexure B which is divided into the following two (2) parts:

- (a) Part I to be completed by a minor who requests the termination of her pregnancy;
- (b) Part II to be used to request the termination of the pregnancy of a woman who is severely mentally disabled or in a state of continuous unconsciousness;

**"standard consent form"** means a form provided by a facility for recording the consent to the administration of a local general anaesthetic and an accompanying surgical procedure;

**"the Act"** means the Choice on Termination of Pregnancy Act, 1996 (Act No. 92 of 1996).

### ***Notification of termination of pregnancy***

2. Form 1 shall be submitted in duplicate by the medical practitioner or registered midwife who is performing the termination of a pregnancy in terms of section 2 (1) (a) or (b) of the Act to the person in charge of a facility or the person designated for such purpose.

### ***Notification of termination of pregnancy by person in charge of facility***

3. The person in charge of a facility or the person designated for such purpose shall—

- (a) collate all the information in the form 1's of a particular month; and
- (b) submit such forms in a sealed envelope marked "confidential" to the Director-General by registered post through the provincial information system on a monthly basis.

### ***Notification of termination of pregnancy of minor by medical practitioner or registered midwife***

4. A minor requesting the termination of her pregnancy shall complete part I of form 2.

### ***Consent to termination of pregnancy of woman who is severely mentally disabled or in a state of continuous unconsciousness***

5. (a) Where the termination of a pregnancy is requested in terms of section 5 (4) of the Act, the natural guardian, spouse, legal guardian or *curator personae*, as the case may be, and two medical practitioners or a medical practitioner and a registered midwife who has completed the training course referred to in regulation 8, shall complete part II of form 2.

(b) Where the natural guardian, spouse, legal guardian or *curator personae* referred to in paragraph (a) refuses to consent to the termination of a pregnancy referred to in section 5 (5) (a) or (b) of the Act, the two medical practitioners or the medical practitioner and registered midwife who has completed the training course referred to in regulation 8, shall complete part II of form 2.

### ***Consent by woman to terminate pregnancy***

6. (a) A woman requesting the termination of her pregnancy and the medical practitioner or registered midwife performing the termination of the pregnancy of that woman shall complete a standard consent form.

(b) The consent of a woman to the procedure to terminate her pregnancy shall include consent to other surgical procedures which may be necessary as a result of complications associated with the termination of her pregnancy.

### ***Counselling***

7. (a) Counselling in terms of section 4 of the Act shall at the least include sufficient information to assist a woman to make an informed choice regarding the termination of her pregnancy.

(b) A woman requesting the termination of her pregnancy shall be informed during counselling with regard to—

- (i) the available alternatives to the termination of her pregnancy;
- (ii) the procedure and the associated risks of the termination of her pregnancy; and
- (iii) contraceptive measures which can be taken in the future.

(c) A woman requesting the termination of her pregnancy shall also be informed that counselling is private and confidential, unless she chooses to disclose the nature or content of such counselling.

### ***Training course***

8. (1) The training course for a registered midwife regarding the termination of a pregnancy shall include the following—

- (a) counselling and communication skills;
- (b) clinical competence in assessment and technique;
- (c) anaesthesia and analgesia;
- (d) knowledge of contraception;
- (e) post-abortion care; and
- (f) management of reproductive system infections.



(2) A registered midwife who has completed the training course and who terminates a pregnancy at a public facility shall follow the clinical guidelines that are provided by the Department of Health, as amended from time to time, for the termination of a pregnancy under the Act.

**Information concerning the termination of a pregnancy**

9. A woman requesting the termination of her pregnancy shall be informed—
- that she is entitled to the termination of her pregnancy upon request during the first 12 weeks of the gestation period;
  - that, under the circumstances determined by section 2 (1) (b) of the Act, her pregnancy may be terminated from the 13th up to and including the 20th week of the gestation period;
  - that only her consent is required for the termination of her pregnancy;
  - that counselling contemplated in section 4 of the Act shall be available; and
  - of the locality of facilities for the termination of pregnancies.

**Application by a private health facility for designation as a facility**

10. A private health facility shall apply to the Minister, in writing, for designation as a facility in terms of section 3 of the Act.

**ANNEXURE A**

CHOICE ON TERMINATION OF PREGNANCY ACT, 1996 (ACT No. 92 OF 1996)

**NOTIFICATION OF TERMINATION OF PREGNANCY IN TERMS OF SECTION 7 OF THE ACT  
FORM TO BE COMPLETED BY A MEDICAL PRACTITIONER OR A REGISTERED MIDWIFE**

(To be completed in duplicate)

- Name of facility .....
- Age of woman requesting termination .....
- Where appropriate (encircle appropriate number):

- Termination in terms of section 2 (1) (a) or (b) of the Act.
- Severe mental disability [section 5 (4) (a) of the Act].
- Continuous unconsciousness [section 5 (4) (b) of the Act].

- Race (mark with a cross):

African	Coloured	Asian	White	Other
---------	----------	-------	-------	-------

If other, specify .....

- Marital status (mark with a cross):

Single	Living together	Married	Divorced	Widowed
--------	-----------------	---------	----------	---------

- Date of last menstrual period (LMP) .....
- How many weeks into pregnancy? .....
- Number of previous pregnancies:

No. of live births	No. of stillbirths	No. of terminations	No. of miscarriages
--------------------	--------------------	---------------------	---------------------

- Date of admission .....
- Date of procedure .....
- Date of discharge .....

- Termination of pregnancy (mark with a cross):

(a) first 12 weeks	(b) 13–20 weeks
--------------------	-----------------

- Indication for termination of pregnancy (applicable only to terminations performed from 13th up to and including 20th week of gestation period) (circle appropriate number):
  - Woman's physical or mental health [section 2 (1) (b) (i) of the Act].
  - Foetal physical or mental abnormality [section 2 (1) (b) (ii) of the Act].
  - Rape or incest [section 2 (1) (b) (iii) of the Act].
  - Social or economic circumstances [section 2 (1) (b) (iv) of the Act].

Name of medical practitioner or registered midwife .....

Signed .....

Date .....

Qualifications .....

Registration number .....

**ANNEXURE B****CHOICE ON TERMINATION OF PREGNANCY ACT, 1996 (ACT No. 92 OF 1996)****I. STATEMENT BY MINOR WHO REQUESTS THE TERMINATION FOR HER PREGNANCY**

I, the undersigned (surname and first names of minor) .....,  
 ....., hereby state that I have been advised by (surname and first names of medical practitioner/  
 registered midwife\*) .....  
 in terms of section 5 of the Act to consult with my parents, guardian, family members or friends before the termination of my  
 pregnancy.

Signature .....

Date .....

\* Delete what is not applicable

**II. CONSENT TO THE TERMINATION OF THE PREGNANCY OF A WOMAN WHO IS SEVERELY MENTALLY DISABLED OR IN A STATE OF CONTINUOUS UNCONSCIOUSNESS**

Name of facility .....

1. Intended termination of the pregnancy of (surname and first names of minor/major woman) .....  
 ....., born on ..... and having the identity number (where available)  
 ..... and the facility/hospital/clinic number .....
2. I (surname and first names) ..... the under-  
 signed, acting as the natural guardian/legal guardian/*curator personae*/spouse\* of the above-mentioned woman,  
 hereby, in terms of section 5 (4) (i) or (ii) of the Act request and consent to the termination of the pregnancy of  
 (surname and first names of the above-mentioned minor/major woman) .....  
 ....., who is—
  - (a) so severely mentally disabled that she is completely incapable of understanding and appreciating the nature  
 or consequences of the termination of her pregnancy; or
  - (b) in a state of continuous unconsciousness and has no reasonable prospect of regaining consciousness in  
 time to request and to consent to the termination of her pregnancy in terms of section 2 of the Act.

Signature .....

Date .....

Natural guardian/legal guardian/*curator personae*/spouse\* refuses to consent.**CONSENT OF TWO MEDICAL PRACTITIONERS OR A MEDICAL PRACTITIONER AND A REGISTERED MIDWIFE**

3. I, ....., the undersigned, being a medical  
 practitioner, and I, ....., the undersigned, being a medical practitioner/  
 registered midwife who has completed the training course\*, certify that we examined (surname and first names of  
 above-mentioned minor/major woman) ..... on  
 ..... (date).
4. In our opinion her pregnancy is within the first 20 weeks of the gestation period and\*—
  - (a) the continued pregnancy would pose a risk of injury to the woman's physical or mental health [section  
 2 (1) (b) (i) of the Act];
  - (b) there is a substantial risk that the foetus would suffer from a severe physical or mental abnormality  
 [section 2 (1) (b) (ii) of the Act];
  - (c) the pregnancy resulted from rape or incest [section 2 (1) (b) (iii) of the Act]; or
  - (d) the continued pregnancy would significantly affect the social or economic circumstances of the woman  
 [section 2 (1) (b) (iv) of the Act].
5. We consent to the termination of her pregnancy.
 

(a) Signed .....	Date .....
Qualifications .....	Registration number .....
(b) Signed .....	Date .....
Qualifications .....	Registration number .....

\* Circle what is applicable.

No. R. 168

31 Januarie 1997

**REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP KEUSE OOR DIE BEËINDIGING VAN SWANGERSKAP, 1996  
(WET No. 92 VAN 1996)**

Die Minister van Gesondheid het kragtens artikel 9 van die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap, 1996 (Wet No. 92 van 1996), die regulasies in die Bylae gemaak.

**BYLAE**

**Woordomskrywings**

1. In hierdie regulasies het 'n woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet geheg is daardie betekenis en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

“**aanhangsel**” ’n aanhangsel by hierdie regulasies;

“**die Wet**” die Wet op Keuse oor die Beëindiging van Swangerskap, 1996 (Wet No. 92 van 1996);

“**fasiliteit**” ’n plek, aangewys deur die Minister ingevolge artikel 3 van die Wet, waar die beëindiging van ’n swangerskap mag plaasvind;

“**standaard toestemmingsvorm**” ’n vorm wat deur ’n fasiliteit voorsien word vir die aantekening van toestemming tot die toediening van ’n plaaslike of algemene anestetikum en ’n bygaande chirurgiese prosedure;

“**vorm**” ’n vorm opgestel en beskikbaar gestel deur die Direkteur-generaal betreffende die beëindiging van ’n swangerskap;

“**vorm 1**” die Departementele vorm uiteengesit in Aanhangsel A wat gebruik word om die persoon in beheer van ’n fasiliteit in kennis te stel van die beëindiging van ’n swangerskap kragtens artikel 2 (1) (a) of (b) van die Wet;

“**vorm 2**” die Departementele vorm uiteengesit in Aanhangsel B wat in die volgende twee (2) dele ingedeel is:

(a) Deel I wat ingevul word deur ’n minderjarige wat die beëindiging van haar swangerskap versoek;

(b) Deel II wat gebruik word om die beëindiging van ’n swangerskap van ’n vrou wat ernstig geestesonbevoeg of in ’n staat van voortdurende bewusteloosheid is, te versoek;

**Kennisgewing van beëindiging van swangerskap**

2. Vorm 1 moet in tweevoud deur die geneesheer of geregistreerde vroedvrou wat die beëindiging van ’n swangerskap kragtens artikel 2 (1) (a) of (b) van die Wet uitvoer, voorgelê word aan die persoon in beheer van ’n fasiliteit of die persoon wat vir daardie doel aangewys is.

**Kennisgewing van beëindiging van swangerskap deur persoon in beheer van fasiliteit**

3. Die persoon in beheer van ’n fasiliteit of die persoon wat vir daardie doel aangewys is, moet—

(a) al die inligting vervat in die vorm 1’s van ’n bepaalde maand verreken; en

(b) sodanige vorms, in ’n verseelde koevert gemerk “vertroulik” per geregistreerde pos maandeliks via die provinsiale inligtingsstelsel aan die Direkteur-generaal voorlê.

**Kennisgewing van beëindiging van swangerskap van minderjarige deur geneesheer of geregistreerde vroedvrou**

4. ’n Minderjarige wat die beëindiging van haar swangerskap versoek moet deel I van vorm 2 invul;

**Toestemming tot beëindiging van swangerskap van vrou wat ernstig geestesonbevoeg of in ’n staat van voortdurende bewusteloosheid is**

5. (a) Waar die beëindiging van ’n swangerskap versoek word kragtens artikel 5 (4) van die Wet, moet die natuurlike voog, gade, wettige voog of *curator personae*, na gelang van die geval, asook twee geneeshere of ’n geneesheer en ’n geregistreerde vroedvrou wat die opleidingskursus bedoel in regulasie 8 voltooi het, deel II van vorm 2 invul.

(b) Waar die natuurlike voog, gade, wettige voog of *curator personae* bedoel in paragraaf (a) weier om toe te stem tot die beëindiging van ’n swangerskap bedoel in artikel 5 (5) (a) of (b) van die Wet, moet die twee geneeshere of die geneesheer en geregistreerde vroedvrou wat die opleidingskursus bedoel in regulasie 8 voltooi het, deel II van vorm 2 invul.

**Toestemming deur vrou om swangerskap te beëindig**

6. (a) ’n Vrou wat die beëindiging van haar swangerskap versoek, asook die geneesheer of geregistreerde vroedvrou wat die beëindiging van die swangerskap van daardie vrou uitvoer, moet ’n standaard toestemmingsvorm invul.

(b) Die toestemming van ’n vrou tot die prosedure om haar swangerskap te beëindig moet toestemming insluit tot ander chirurgiese prosedures wat noodsaaklik mag wees vanwee komplikasies geassosieer met die beëindiging van haar swangerskap.

**Voorligting**

7. (a) Voorligting kragtens artikel 4 van die Wet moet minstens voldoende inligting insluit om ’n vrou behulpzaam te wees om ’n oorwoë keuse aangaande die beëindiging van haar swangerskap te maak.

(b) ’n Vrou wat die beëindiging van haar swangerskap versoek, moet gedurende voorligting ingelig word aangaande—

(i) die beskikbare alternatiewe vir die beëindiging van haar swangerskap;

(ii) die prosedure en die geassosieerde risiko’s van die beëindiging van haar swangerskap; en

(iii) voorbehoedende maatreëls wat in die toekoms getref kan word.

(c) 'n Vrou wat die beëindiging van haar swangerskap versoek moet ook ingelig word dat voorligting privaat en vertroulik is, tensy sy verkies om die aard of inhoud van sodanige voorligting openbaar te maak.

### **Opleidingskursus**

8. (1) Die opleidingskursus vir 'n geregistreerde vroedvrou met betrekking tot die beëindiging van 'n swangerskap moet die volgende insluit—

- (a) voorligtings- en kommunikasievaardighede;
- (b) kliniese bevoegdheid in evaluering en tegniek;
- (c) anestesie en analgesie;
- (d) kennis van voorbehoeding;
- (e) na-aborsiesorg; en
- (f) bestuur van infeksies van die voortplantingstelsels.

(2) 'n Geregistreerde vroedvrou wat die opleidingskursus voltooi het en wat 'n swangerskap in 'n publieke fasiliteit beëindig moet die kliniese riglyne deur die Departement van Gesondheid voorsien, soos van tyd tot tyd gewysig, vir die beëindiging van 'n swangerskap kragtens die Wet volg.

### **Inligting aangaande die beëindiging van 'n swangerskap**

9. 'n Vrou wat die beëindiging van haar swangerskap versoek moet ingelig word—

- (a) dat sy geregtig is op die beëindiging van haar swangerskap op versoek gedurende die eerste 12 weke van die draagtyd;
- (b) dat haar swangerskap in die omstandighede bedoel in artikel 2 (1) (b) van die Wet beëindig kan word vanaf die 13de tot en met die 20ste week van die draagtyd;
- (c) dat slegs haar toestemming vereis word vir die beëindiging van haar swangerskap;
- (d) dat voorligting bedoel in artikel 4 van die Wet beskikbaar is; en
- (e) van die ligging van fasiliteite vir die beëindiging van swangerskappe.

### **Aansoek deur 'n privaat gesondheidsfasiliteit vir aanwysing as 'n fasiliteit**

10. 'n Privaat gesondheidsfasiliteit moet skriftelik aansoek doen by die Minister vir aanwysing as 'n fasiliteit kragtens artikel 3 van die Wet.

## **AANHANGSEL A**

WET OP KEUSE OOR DIE BEËINDIGING VAN SWANGERSKAP, 1996 (WET No. 92 VAN 1996)

KENNISGEWING VAN BEËINDIGING VAN SWANGERSKAP Kragtens ARTIKEL 7 VAN DIE WET

VORM WAT INGEVUL MOET WORD DEUR 'N GENEESHEER OF 'N GEREGISTREERDE VROEDVROU

(Moet in tweevoud ingevul word)

1. Naam van fasiliteit.....
2. Ouderdom van vrou wat beëindiging versoek .....
3. Waar toepaslik (omkring toepaslike nommer):
  - 3.1 Beëindiging kragtens artikel 2 (1) (a) of (b) van die Wet.
  - 3.2 Ernstige geestesonbevoegdheid [artikel 5 (4) (a) van die Wet].
  - 3.3 Voortdurende bewusteloosheid [artikel 5 (4) (b) van die Wet].

4. Ras (merk met 'n kruis):

Afrikaan	Kleurling	Asiër	Blanke	Ander
----------	-----------	-------	--------	-------

Indien ander, spesifiseer .....

5. Huwelikstaat (merk met 'n kruis):

Enkel	Woon saam	Getroud	Geskei	Weduwee
-------	-----------	---------	--------	---------

6. Datum van laaste menstruele periode (LMP) .....
7. Hoeveel weke swanger? .....
8. Aantal vorige swangerskappe:

Aantal lewende geboortes	Aantal doodgeboortes	Aantal beëindigings	Aantal miskrame
--------------------------	----------------------	---------------------	-----------------

9. Datum van opname .....
- Datum van prosedure .....
- Datum van ontslag .....



**10. Beëindiging van swangerskap:**

(a) eerste 12 weke

(b) 13–20 weke

**11. Rede vir beëindiging van swangerskap (slegs van toepassing op beëindigings uitgevoer vanaf die 13de tot en met die 20ste week van die draagtyd) (Omkring toepaslike nommer):**

11.1 Vrou se liggaamlike of geestesgesondheid [artikel 2 (1) (b) (i) van die Wet].

11.2 Liggaamlike of geestesabnormaliteit van die fetus [artikel 2 (1) (b) (ii) van die Wet].

11.3 Verkragting of bloedsande [artikel 2 (1) (b) (iii) van die Wet].

11.4 Sosiale of ekonomiese omstandighede [artikel 2 (1) (b) (iv) van die Wet].

Naam van geneesheer of geregistreerde vroedvrou .....

Handtekening .....

Datum .....

Kwalifikasies .....

Registrasie nommer .....

**AANHANGSEL B****WET OP KEUSE OOR DIE BEËINDIGING VAN SWANGERSKAP, 1996 (WET No. 92 VAN 1996)****I. VERKLARING DEUR MINDERJARIGE WAT BEËINDIGING VAN HAAR SWANGERSKAP VERSOEK**

Ek, die ondergetekende (van en voorname van minderjarige) .....

....., verklaar hiermee dat ek deur (van en voorname van geneesheer/geregistreerde vroedvrou\*)  
..... kragtens artikel 5 van die Wet geadviseer is om my ouers, voog,  
familielede of vriende te raadpleeg voor die beëindiging van my swangerskap.

Handtekening: .....

Datum: .....

\* Skrap wat nie van toepassing is nie

**II. TOESTEMMING TOT DIE BEËINDIGING VAN DIE SWANGERSKAP VAN 'N VROU WAT ERNSTIG GEESTES-ONBEVOEG OF IN 'N STAAT VAN VOORTDURENDE BEWUSTELOOSHEID IS**

Naam van fasiliteit .....

1. Voorgenome beëindiging van die swangerskap van (van en voorname van minderjarige/meerderjarige vrou)  
....., gebore op ..... met identiteitsnommer  
(waar beskikbaar) ..... en die fasiliteit-/hospitaal-/klinieknommer .....2. Ek, (van en voorname) ..... die ondergetekende,  
handelende as natuurlike voog/wettige voog/*curator personae*/gade\* van bogenoemde vrou, versoek en stem toe  
kragtens artikel 5 (4) (i) of (ii) van die Wet tot die beëindiging van die swangerskap van (van en voorname van  
bogenoemde minderjarige/meerderjarige vrou) .....  
wat—(a) in so 'n mate ernstig geestesonbevoeg is dat sy geheel en al onbevoeg is om die aard of gevolge van die  
beëindiging van haar swangerskap te begryp; of(b) in 'n staat van voortdurende bewusteloosheid is en geen redelike vooruitsig het om betyds haar bewysyn  
te herwin om die beëindiging van haar swangerskap ingevolge artikel 2 van die Wet te versoek en  
toestemming daartoe te verleen nie.

Handtekening: .....

Datum: .....

Natuurlike voog/wettige voog/*curator personae*/gade\* weier om toe te stem.**TOESTEMMING VAN TWEE GENEESHERE OF 'N GENEESHEER EN 'N GEREISTREERDE VROEDVROU**3. Ek, ....., die ondergetekende, wat 'n geneesheer  
is, en ek, ....., die ondergetekende, wat 'n geneesheer is/'n geregistreerde  
vroedvrou is wat die opleidingskursus voltooi het\*, sertifiseer dat ons (van en voorname van bogenoemde minder-  
jarige/meerderjarige vrou) ..... op .....  
ondersoek het.

4. Dit is ons mening dat haar swangerskap binne die eerste 20 weke van die draagtyd is en\*—

(a) dat die voortgesette swangerskap 'n gevaar inhou van benadeling van die vrou se liggaamlike of geestes-  
gesondheid [artikel 2 (1) (b) (i) van die Wet];(b) dat daar 'n wesenlike gevaar bestaan dat die fetus aan erge liggaamlike of geestesabnormaliteit sal ly  
[artikel 2 (1) (b) (ii) van die Wet];

(c) dat die swangerskap voortgevoel het uit verkragting of bloedsande [artikel 2 (1) (b) (iii) van die Wet]; of

- (d) dat voortgesette swangerskap die sosiale of ekonomiese omstandighede van die vrou aansienlik sal benadeel [artikel 2 (1) (b) (iv) van die Wet].

5. Ons stem toe tot die beëindiging van haar swangerskap.

- (a) Handtekening: ..... Datum:.....  
 Kwalifikasies: ..... Registrasienuommer: .....
- (b) Handtekening: ..... Datum:.....  
 Kwalifikasies: ..... Registrasienuommer: .....

\* Omkring wat toepaslik is.

## DEPARTMENT OF LABOUR DEPARTEMENT VAN ARBEID

No. R. 129

31 January 1997

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

### BUILDING INDUSTRY, KROONSTAD: AMENDMENT OF AGREEMENT

I, Tito Titus Mboweni, Minister of Labour, hereby—

- (a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 November 1998, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and
- (b) in terms of section 48 (1) (b) of the Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clauses 1 (1) (b) and 13, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 30 November 1998, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the area specified in clause 1 of the Amending Agreement.

**T. T. MBOWENI**

Minister of Labour

### SCHEDULE

#### INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE BUILDING INDUSTRY, KROONSTAD

#### AGREEMENT

in accordance with the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

#### Kroonstadse Vereniging van Boumeesters en Aanverwante Vakke

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

#### Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade union") of the other part,

being the parties to the Industrial Council for the Building Industry, Kroonstad,

to amend the Agreement published under Government Notice No. R. 2588 of 23 December 1988, as amended by Government Notices Nos. R. 2581 of 11 September 1992, R. 2155 of 12 November 1993, R. 220 of 17 February 1995 and R. 977 of 14 June 1996.

### 1. SCOPE OF APPLICATION

- (1) The terms of this Agreement shall be observed—

- (a) in the Magisterial District of Kroonstad;
- (b) by all employers and employees in the Building Industry who are members of the employers' organisation and the trade union, respectively.

- (2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall—

- (a) apply to apprentices only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or any contract entered into or any conditions fixed thereunder;

- (b) apply to trainees only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or any conditions fixed thereunder;
- (c) apply to working partners and working directors, principals and contractors;
- (d) not apply to university students and graduates in building science and construction supervisors, construction surveyors and other such persons doing practical work in the completion of their academic training.

## 2. CLAUSE 3: DEFINITIONS

(1) Insert the following definitions after the definition of "Industry":

**"'labour-only contract'** means a contract, agreement, arrangement or understanding in terms of which a person undertakes to do work and to be paid only for the provision of his own labour and/or that of his employees, and where such person is not in the ordinary course of his business responsible for the delivery of or payment for materials in the execution of the work;

**'labour-only contractor'** means a person undertaking labour-only contracting;"

(2) Substitute the following for the definition of "emergency work":

**"'emergency work'**, without limiting the ordinary meaning of the term, shall include any work that cannot be performed within the ordinary hours of work prescribed in clause 9 and that is necessary to ensure the health or safety of the public or the carrying on of any other industry, business or undertaking, or any work which, owing to causes such as fire, storm, flood, accident or act of violence, or which could cause the employer to suffer financial losses, must be performed without delay;"

## 3. CLAUSE 4: WAGES

Substitute the following for subclause (1):

**"(1)** Subject to the remaining provisions of this clause, an employer shall pay, and an employee shall accept, wages as proposed herein, which wages shall not be lower than the following wages for employees who have been in a particular employer's employ for 12 months or more:

	<i>Per hour</i>
(a) General worker .....	R3,20
(b) Plant operator/specified skills worker .....	R4,00
(c) Artisan .....	R5,00
(d) Craftsman .....	R8,21".

## 4. CLAUSE 8: PAYMENT OF REMUNERATION

Insert the following new subclause (5):

- (5) An employee shall be compelled to report his employer immediately to the Council, if he does not receive his wages and benefits in terms of this Agreement, or if he suspects that the contributions towards such benefits are not paid over by his employer to the Council."

## 5. CLAUSE 10: OVERTIME

Substitute the following for subclause (2):

- (2) "Should an employer require his employees to work overtime, he shall give them at least 16 hours' notice of such fact: Provided that no prior notice of overtime shall be required when employees are engaged on essential services or when employees are required to work overtime owing to emergency work. In the latter instance, the employer shall provide food and transport to the employees who could not make arrangements in advance."

## 6. CLAUSE 11: TERMINATION OF EMPLOYMENT

(1) Substitute the following for subclause (1):

**"(1)** Whenever an employer or an employee intends terminating a contract of employment—

- (a) during the first 65 working days of employment, two hours' notice of termination of employment shall be required;
- (b) after the first 65 working days of employment, up to and including 24 months of employment, he shall give to the other party two working days' notice of termination of employment;
- (c) after 24 months of employment, he shall give to the other party five working days' notice of termination of employment."

## 7. CLAUSE 13: SAFETY PROVISIONS

Substitute the following for this clause:

- "(1)** Every employer and every employee shall comply with the Occupational Health and Safety Act, 1993, and the regulations made thereunder.

- (2) An employee who is a witness to, or who knows about or suspects that a co-employee has committed a theft or is under the influence of alcohol or prohibited drugs or is using such prohibited substances whilst on duty, shall be compelled to report it to his supervisor or employer immediately, in order to assist in ensuring the safety and order of the workplace.”.

#### 8. CLAUSE 14: WET-WEATHER SHELTER

- (1) Substitute the following for the heading of this clause:

##### “14. RAINY WEATHER”

- (2) Substitute the following for this clause:

- “(1) Employees shall, irrespective of rainy weather, report for duty, whereafter the employer and employees shall jointly decide whether to work or not. Employees shall be remunerated for time worked.
- (2) At any site where building operations are being carried on an employer shall provide suitable accommodation in which employees may take shelter during rainy weather.”.

#### 9. CLAUSE 19: EXPENSES OF THE COUNCIL

Substitute the following for subclause (1):

- “(1) For the purpose of meeting the expenses of the Council, every employer and employee shall contribute on a weekly basis an equal amount as prescribed herein for employees for whom wages are proposed in clause 4 hereof:

	Employer contribution	Employer contribution	Total
(a) General worker .....	R1,27	R1,27	R2,54
(b) Plant operator/specified skills worker .....	R1,58	R1,58	R3,16
(c) Artisan.....	R1,98	R1,98	R2,96
(d) Craftsman .....	R3,25	R3,25	R6,50

Provided that the provisions of this subclause shall not apply in respect of an employee who has worked for the same employer for less than 40 hours in any week, with due observance of humanitarian leave and permission of absence.”.

#### 10. CLAUSE 20: REGISTRATION OF EMPLOYERS AND EMPLOYEES

Insert the following new subclause (5) (c):

- “(c) Employers and employees shall be jointly and severally responsible for ensuring that an employee who enters the Building Industry is duly registered with the Council.”.

#### 11. CLAUSE 39: BASIS OF PAYMENT

Substitute the following for this clause:

- “(1) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Agreement, payment for all work done shall be at the rate prescribed in clause 4 for the operation or operations performed and shall not be based upon the technical skill or qualifications of the employee concerned.
- (2) The giving out by employers or the performance by employees of work on a piece-work basis, or any system of payment for labour by which the earnings of an employee are based or calculated partly or wholly upon quantity or measurement of the work performed shall be allowed: Provided that any employee remunerated on the above basis shall not be paid less than he would have been entitled to had he worked as an hourly paid employee.”.

#### 12. CLAUSE 40: PROHIBITED EMPLOYMENT

- (1) Substitute the following for the heading of this clause:

##### “40. PROHIBITED EMPLOYMENT AND GIVING OUT OF WORK”

- (2) Insert the following new subclause (3):

- “(3) No person shall undertake work in the Building Industry in terms of a labour-only contract unless he is registered with the Council as an employer, or, if he is not an employer, as if he were an employer. The onus shall be on the employer giving out such work to satisfy himself that such person is so registered. The only proof of such registration shall be the Council's registration certificated. No employer shall give out work to a labour-only contractor without the latter being duly registered with the Council.”.

#### 13. CLAUSE 46: EMPLOYER'S ORGANISATION FEES

In subclause (1), substitute the expression “55c” for the expression “40c”.

Signed at Kroonstad, on behalf of the parties, this 24th day of October 1996.

**J. H. LABUSCAGNE**

Chairman

**J. P. JOUBERT**

Vice-Chairman

**M. M. UNWIN**

Secretary



No. R. 129

31 Januarie 1997

## WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

**BOUNYWERHEID, KROONSTAD: WYSIGING VAN OOREENKOMS**

Ek, Tito Titus Mboweni, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 November 1998 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakvereniging wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of vereniging is; en
- (b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousules 1 (1) (b) en 13, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 November 1998 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebied in klousule 1 van die Wysigings-ooreenkoms gespesifiseer.

**T. T. MBOWENI****Minister van Arbeid****BYLAE****NYWERHEIDSRaad VIR DIE BOUNYWERHEID, KROONSTAD****OOREENKOMS**

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

**Kroonstadse Vereniging van Boumeesters en Aanverwante Vakke**

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem) aan die een kant, en die

**Amalgamated Union of Building Trade Workers of South Africa**

(hierna die "werknemers" of die "vakvereniging" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Bounywerheid, Kroonstad,

tot wysiging van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 2588 van 23 Desember 1988, soos gewysig deur Goewermentskennisgewings Nos. R. 2581 van 11 September 1992 en R. 2155 van 12 November 1993. R. 220 van 17 Februarie 1995 en R. 977 van 14 Junie 1996.

**1. TOEPASSINGSBESTEK**

- (1) Hierdie Ooreenkoms moet nagekom word—
  - (a) in die landdrosdistrik Kroonstad;
  - (b) deur alle werkgewers en werknemers in die Bounywerheid wat lede van onderskeidelik die werkgewers-organisasie en die vakvereniging is.
- (2) Ondanks subklousule (1) is hierdie Ooreenkoms—
  - (a) van toepassing op vakleerlinge slegs vir sover dit nie onbestaanbaar is nie met die Wet op mannekragopleiding, 1981, of met 'n kontrak wat daarkragtens aangegaan is of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is;
  - (b) van toepassing op kwekelinge slegs vir sover dit nie onbestaanbaar is nie met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is;
  - (c) van toepassing op werkende vennote en werkende direkteurs, prinsipale en aannemers;
  - (d) nie van toepassing nie op universiteitstudiante en gegraduateerdes in die bouwetenskap en konstruksie-toesighouers, konstruksieopmeters en ander sodanige persone wat besig is met praktiese werk ter voltooiing van hul akademiese opleiding.

**2. KLOUSULE 3: WOORDOMSKRYWING**

- (1) Voeg die volgende omskrywings in na die omskrywing van "Nywerheid":

"'slegs-arbeid kontrak' 'n kontrak, ooreenkoms, reëling of verstandhouding waarvolgens 'n persoon onderneem om werk te doen en om betaal te word slegs vir die verskaffing van sy eie arbeid en/of dié van sy werknemers, en waarvolgens hy nie in die gewone loop van sake verantwoordelik is vir die lewering of betaling van materiaal in die uitvoering van die werk nie;

'slegs-arbeid-kontrakteur' iemand wat slegs-arbeid-kontrakwerk onderneem;"

(2) Vervang die omskrywing van "noodwerk" deur die volgende:

"**Noodwerk**", sonder om die gewone betekenis van die uitdrukking te beperk, ook werk wat nie binne die gewone werksure, in klousule 9 voorgeskryf, verrig kan word nie en wat nodig is om die gesondheid of veiligheid van die publiek of die voortsetting van 'n ander nywerheid, saak of onderneming te verseker, of werk wat as gevolg van 'n brand, storm, oorstroming, ongeluk of gewelddaad, of wat die betrokke werkgewer finansiële skade kan berokken, sonder versuim verrig moet word;"

### 3. KLOUSULE 4: LONE

Vervang subklousule (1) deur die volgende:

"(1) Behoudens die oorblywende bepalings van hierdie klousule, moet 'n werkgewer lone betaal en 'n werknemer lone aanvaar soos hierin voorgestel, welke lone nie laer mag wees nie as die volgende lone vir werknemers wat 12 maande of langer by 'n bepaalde werkgewer in diens is:

	Per uur
(a) Algemene werker .....	R3,20
(b) Uitrustingbediener/Werker met gespesifiseerde vaardighede .....	R4,00
(c) Ambagsman .....	R5,00
(d) Vakman.....	R8,21".

### 4. KLOUSULE 8: BETALING VAN BESOLDIGING

Voeg die volgende subklousule (5) in:

(5) 'n Werknemer is verplig om die Raad onmiddellik in kennis te stel indien hy nie sy voorgestelde lone en byvoordele kragtens van hierdie Ooreenkoms ontvang nie, of vermoed dat die bydraes tot sodanige byvoordele nie deur sy werkgewer aan die Raad oorbetaal word nie."

### 5. KLOUSULE 10: OORTYDWERK

Vervang subklousule (2) deur die volgende:

"(2) Indien 'n werkgewer vereis dat sy werknemers oortyd werk, moet hy aan hulle minstens 16 uur kennis daarvan gee: Met dien verstande egter dat heen voorafkennisgewing vereis word om oortyd te werk nie wanneer werknemers noodsaaklike dienste verrig of wanneer dit as gevolg van noodwerk van werknemers vereis word om oortyd te werk. In laasgenoemde geval moet die werkgewer kos en vervoer verskaf aan die werknemers wat nie vooraf reëlings daarvoor kon tref nie."

### 6. KLOUSULE 11: DIENSBEËINDIGING

(1) Vervang subklousule (1) deur die volgende:

"(1) Wanneer 'n werkgewer of werknemer voornemens is om 'n dienskontrak te beëindig—

- (a) Gedurende die eerste 65 werkdag diens, word 2 ure kennis vereis;
- (c) om met 'n hospitaal, verpleeginrigting, herstellingsoord of ander dergelike inrigting 'n kontrak aan te gaan vir die versorging van siek of herstellende lede;
- (d) om met 'n apteker, drogis of ander persoon 'n kontrak aan te gaan vir die verskaffing van medisyne, artsenymiddels en mediese geriewe;
- (e) om afhanklikes van afgestorwe lede deur middel van geldelike toekennings of andersins te help;
- (f) om alles te doen wat nodig of bevorderlik is vir, of gepaard gaan met die welsyn van lede van die bereiking van bogenoemde doelstellings; en
- (g) om maatreëls te tref vir die voorkoming van siekte en vir die verbetering en bevordering van die gesondheid van lede.

#### 5. LIDMAATSKAP

(1) *Verpligte lidmaatskap:* Lidmaatskap van die Fonds is verpligtend vir alle werknemers in die Motornywerheid wat in besit is van 'n geldige lidmaatskapkaart uitgereik deur die National Union of Metalworkers of South Africa.

(2) *Vrywillige lidmaatskap:* Werknemers van die South African Motor Industry Employers' Association, die National Union of Metalworkers of South Africa, die Raad, die Motornywerheidspensioenfondsadministrateurs (Edms.) Beperk, die Opleidingsraad vir die Motornywerheid, of enige persoon vir wie lidmaatskap nie kragtens subklousule (1) van hierdie klousule verpligtend is nie en wat direk betrokke is by of in diens is in of in verband met die Motornywerheid, mag volgens die goedgekeurde van die betrokke streekraad tot vrywillige lidmaatskap van die Fonds toegelaat word. Die bepalings van hierdie Ooreenkoms is *mutatis mutandis* ook van toepassing op enige persoon aldus toegelaat tot vrywillige lidmaatskap en op hulle werkgewers.

(3) *Registrasie:* (a) Elke persoon vir wie lidmaatskap van die Fonds ooreenkomstig subklousule (1) verpligtend is, moet die vorm invul wat in Aanhangel A van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word en dit indien by die sekretaris van die streekraad vir die streek waarin hy in diens is, en wel binne een maand ná die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree, of binne een maand ná die datum waarop hy tot die Motornywerheid toetree of hertoetree of daarin in diens geneem word, en moet sodanige bykomende inligting of dokumentêre bewyse verstrek as wat die betrokke streekraad vereis.

(b) Elke werknemer wat ooreenkomstig subklousule (2) tot vrywillige lidmaatskap toegelaat word, moet die vorm invul wat in Aanhangel B van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word en sodanige ingevulde vorm indien by die sekretaris van die streekraad in die streek waarin hy in diens is, en wel binne een maand nadat die eerste bydrae ten behoeve van hom betaal is.

(4) *Nie-bydraende en voortsettingslidmaatskap:* Behoudens die reëls van die Fonds—

- (a) kan lede wat met pensioen uit hul werk in die Motornywerheid aftree tot nie-bydraende lidmaatskap toegelaat word of toegelaat word om as voortsettingslede tot die fonds by te dra;
- (b) kan die oorlewende gade van 'n afgestorwe bydraer toegelaat word om as 'n voortsettingslid tot die Fonds by te dra.

#### 6. BEÏNDIGING VAN LIDMAATSKAP

(1) Verpligte lidmaatskap van die Fonds verval sodra 'n werknemer se diens in die Motornywerheid beëindig word, maar 'n streekraad kan 'n lid wat tydelik werkloos word, toelaat om sy lidmaatskap te behou op voorwaardes wat die streekraad stel.

(2) (a) Vrywillige lidmaatskap van die Fonds verval sodra die betrokke lid se diens in die Motornywerheid beëindig word of sodra hy diens in die Motornywerheid aanvaar in 'n hoedanigheid wat hom noodsaak om 'n verpligte bydraer tot hierdie Fonds of tot enige ander mediese skema te word.

(b) Vrywillige lidmaatskap van die Fonds kan beëindig word deurdat die betrokke streekraad 'n vrywillige lid 14 dae skriftelik kennis gee of deurdat die vrywillige lid die betrokke streekraad kennis van beëindiging van lidmaatskap vir 'n soortgelyke termyn gee.

(3) 'n Gewese lid van die Fonds is nie geregtig op bystand vir mediese behandeling wat hy na die laaste dag van sy diens in die Motornywerheid ontvang het nie.

(4) Iemand wat na 'n tydperk van afwesigheid na die Motornywerheid terugkeer en 'n verpligte bydraer word, of 'n gewese lid wat na 'n tydperk van nie-lidmaatskap vrywillige lidmaatskap aanvaar, word as 'n heeltemal nuwe lid beskou tensy die betrokke streekraad anders besluit.

## 7. BYDRAES

(1) (a) Elke lid wat ingevolge die Reëls van die Fonds tot die hoër plan toegelaat is en wat afhanklikes ingevolge klousule 8 laat registreer, moet soos volg tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week diens in die Motornywerheid waarvoor hy daarop geregtig is om 'n loon vir 23 uur of meer te ontvang:

(i) 'n Lid wat een afhanklike laat registreer: R24,50 per week;

(ii) 'n lid wat meer as een afhanklike laat registreer: R1,00 per week vir elke bykomende afhanklike.

(b) Elke lid wat ingevolge die Reëls van die Fonds tot die hoër plan toegelaat is en wat nie in paragraaf (a) bedoel word nie, moet R21,70 per week tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week diens in die Motornywerheid waarvoor hy daarop geregtig is om 'n loon vir 23 uur of meer te ontvang.

(c) Elke lid wat ingevolge die Reëls van die Fonds tot die laer plan toegelaat is en wat afhanklikes ingevolge klousule 8 laat registreer, moet soos volg tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week diens in die Motornywerheid waarvoor hy daarop geregtig is om 'n loon vir 23 uur of meer te ontvang:

(i) 'n Lid wat een afhanklike laat registreer: R9,10 per week;

(ii) 'n lid wat meer as een afhanklike laat registreer: R1,00 per week vir elke bykomende afhanklike.

(d) Elke lid wat ingevolge die Reëls van die Fonds tot die laer plan toegelaat is en wat nie in paragraaf (c) bedoel word nie, moet R8,40 per week tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week diens in die Motornywerheid waarvoor hy daarop geregtig is om 'n loon vir 23 uur of meer te ontvang.

(e) Elke standaardplanlid van die Fonds wat ingevolge klousule 8 afhanklikes laat registreer, moet soos volg tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week diens in die Motornywerheid waarvoor hy daarop geregtig is om 'n loon vir 23 uur of meer te ontvang:

(i) 'n Lid wat een afhanklike laat registreer: R67,40 per week;

(ii) 'n lid wat meer as een afhanklike laat registreer: R1,40 per week vir elke bykomende afhanklike.

(f) Elke standaardplanlid van die Fonds nie in paragraaf (e) bedoel nie, moet R57,50 per week tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week diens in die Motornywerheid waarvoor hy daarop geregtig is om 'n loon vir 23 uur of meer te ontvang.

(g) Elke basieseplanlid van die Fonds wat ingevolge klousule 8 afhanklikes laat registreer, moet soos volg tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week diens in die Motornywerheid waarvoor hy daarop geregtig is om 'n loon vir 23 uur of meer te ontvang:

(i) 'n Lid wat een afhanklike laat registreer: R23,66 per week;

(ii) 'n lid wat meer as een afhanklike laat registreer: R1,00 per week vir elke bykomende afhanklike.

(h) Elke basieseplanlid van die Fonds nie in paragraaf (g) bedoel nie, moet R21,44 per week tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week diens in die Motornywerheid waarvoor hy daarop geregtig is om 'n loon vir 23 uur of meer te ontvang.

(2) Die bydraes in subklousule (1) gespesifiseer, moet op die eerste betaaldag na die inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms en op elke daaropvolgende betaaldag deur die werkgewer van die verpligte lid se loon afgetrek word: Met dien verstande dat waar 'n verpligte lid 'n loon vir minder as 23 uur in 'n bepaalde week ontvang of daarop geregtig is, geen bydraes vir daardie week van sy loon afgetrek mag word nie.

(3) By elke weeklikse bydrae wat ooreenkomstig subklousule (1) afgetrek is, moet die werkgewer 'n bedrag voeg gelyk aan dié gespesifiseer in subklousule (1) (a), (b), (c), (d), (e), (f), (g) of (h), na gelang van die geval.

(4) Die bydrae betaalbaar ten opsigte van 'n vrywillige lid is dieselfde as die verpligte bydraes wat gesamentlik deur verpligte bydraers en hulle werkgewers betaal word, maar die wyse waarop hierdie bydraes deur die werkgewer en die vrywillige lid gedeel word, moet by ooreenkoms tussen sodanige vrywillige lid en sy werkgewer bepaal word: Met dien verstande dat die bedrag wat elke week van die vrywillige lid se besoldiging afgetrek word, nooit meer mag wees nie as die bedrag gespesifiseer in sy aansoek om lidmaatskap in die vorm wat in Aanhangsel B van die Ooreenkoms voorgeskryf word.

(5) Die totale bedrag van die bydraes wat ingevolge subklousules (1), (3) en (4) van die lone van werknemers afgetrek en deur werkgewers bygedra word, moet elke maand betaal word aan die sekretaris van die streekraad vir die streek binne wie se jurisdiksie die werkgewer se bedryfsinrigting geleë is, en moet vergesel gaan van 'n skriftelike verklaring wat die volgende besonderhede bevat:

(a) Naam van die bydraer;

(b) bedrag van bydrae aangestuur ten opsigte van elke bydraer;

(c) datum van diensaanvaarding of datum van diensbeëindiging, in die geval van bydraers wie se diens begin of geëindig het sedert die besonderhede laas verstrek was.



(6) Elke werkgewer moet die totale bedrag van die bydraes wat betaalbaar is en die staat van besonderhede wat ingevolge subklousule (5) elke maand vereis word, voor of op die 10de dag van die maand wat volg op die maand waarop die bydraes en besonderhede betrekking het, aan die sekretaris van die betrokke streekraad besorg.

**Let wel:**

- (a) Die huidige posadres van die sekretaris van die verskillende streekraade is soos volg:

Streek BR: Posbus 714, Oos-Londen, 5200;

Streek OP: Posbus 3164, Port Elizabeth, 6000;

Streek NL: Posbus 17263, Congella, 4013;

Streek OVS en NK: Posbus 910, Bloemfontein, 9300;

Streek TVL: Posbus 8477, Johannesburg, 2000;

Streek WP: Posbus 1946, Kaapstad, 8000.

- (b) Vorms wat spesiaal opgestel is vir die insluiting van die besonderhede wat ooreenkomstig hierdie klousule vereis word, op aanvraag verkrygbaar van die sekretaris van die betrokke streekraad.

(7) Indien 'n bedrag wat ingevolge hierdie klousule verskuldig is, nie teen die 15de dag van die maand wat volg op die maand ten opsigte waarvan dit betaalbaar is, deur die Raad ontvang word nie, moet die werkgewer rente betaal op sodanige bedrag of op sodanige kleiner bedrag wat nie betaal is nie, bereken teen die koers van een en 'n half persent per maand op gedeelte daarvan vanaf sodanige 15de dag tot die dag waarop betaling in kontant werklik deur die betrokke streekraad ontvang word: Met dien verstande dat 'n streekraad daarop geregtig is om na goeë dunnke betaling van sodanige rente of gedeelte daarvan kwyt te skeld.

## 8. AFHANKLIKES

(1) Ten einde in aanmerking te kom vir bystand ten opsigte van hul afhanklikes, moet lede wat ingevolge klousule 7 van hierdie Ooreenkoms tot die Fonds bydra, aansoek om registrasie van hul afhanklikes op die voorgeskrywe vorm doen en sodanige inligting en dokumentêre bewys verstrek as wat die betrokke streekraad vereis.

(2) Behoudens subklousule (1) hiervan, en behoudens die Reëls van die Fonds, word die volgende persone as afhanklikes geregistreer:

- (a) 'n Lid se gade, en

- (b) 'n Lid se kinders onder die ouderdom van 18 jaar (met inbegrip van wetlike aangenome kinders), wat geheel en al van die lid afhanklik is.

(3) Enigeen, uitgesonderd diegene in subklousule (2) bedoel, wat van 'n lid afhanklik is, kan as afhanklike geregistreer word op die voorwaardes wat die betrokke streekraad na goeë dunnke vasstel.

## 9. BYSTAND

(1) Behoudens die bepalings van die Reëls van die Fonds, is elke lid wat die getal bydraes gedoen het wat in hierdie reëls vir die verskillende soorte bystand voorgeskryf word, geregtig op mediese, chirurgiese, hospitaal- en ander bystand wat deur die Fonds verskaf word.

(2) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Ooreenkoms, het 'n streekraad die bevoegdheid om van bystand wat deur die Fonds betaalbaar is, bydraes betaalbaar of verskuldig deur die lid aan wie of namens wie sodanige bystand betaal word, af te trek.

## 10. ADMINISTRASIE

(1) Die Fonds word deur die streekraade geadminestreer volgens die reëls wat vir dié doel deur die Bestuurskomitee en die Raad voorgeskryf word. Sodanige reëls mag nie onbestaanbaar met die bepalings van hierdie Ooreenkoms of die Wet wees nie, en moet, onder andere, die volgende voorskryf:

- (a) Die Fonds se bystand en die vereistes daaraan verbonde;

- (b) die prosedure in verband met die indiening en uitbetaling van eise.

(2) Die Raad kan te eniger tyd nuwe reëls formuleer of bestaande reëls wysig of intrek.

(3) Eksemplare van die geldige Reëls van die Fonds en besonderhede van alle wysigings daarvan moet by die Direkteur-generaal van Arbeid ingedien word.

## 11. BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN STREEKRADE

(1) Behoudens opdragte van die Raad en die Bestuurskomitee en die bepalings van hierdie Ooreenkoms, administreer elke streekraad die Fonds in die streek/streke waarvoor hy aangestel word.

- (2) Die betrokke streekraad moet aan elke lid van die Fonds 'n eksemplaar verskaf van die Reëls van die Fonds.

- (3) 'n Streekraad kan—

- (a) werknemers in diens neem om behulpsaam te wees met die administrasie van die Fonds, op voorwaardes wat hy bepaal;



- (b) bystand weier aan of weerhou van 'n lid en/of sy afhanklikes wat, na sy mening, opgetree het op 'n wyse wat daarop bereken was om, of waarvan redelikerwyse verwag kon word dat dit die belange van die Fonds of sy lede sal benadeel: Met dien verstande dat so 'n lid, as hy dit verlang, die geleentheid gegun moet word om voor die streekraad te verskyn om aangehoor te word;
  - (c) uitgawes goedkeur;
  - (d) sy voorsitter en/of ondervoorsitter en sekretaris of 'n ander beampte magtig om gesamentlik namens die Fonds alle ooreenkomste en kontrakte wat hy goedgekeur het, te onderteken;
  - (e) 'n rekening op naam van die Fonds by 'n bank of bouvereniging open en persone magtig om sodanige rekening te bedryf;
  - (f) ooreenkomstig die Reëls, plaaslike komitees aanstel om met die administrasie van die Fonds in 'n besondere gebied behulpsaam te wees.
- (4) Elke streekraad moet toesien dat—
- (a) behoorlike kennis van sy vergaderings gegee word aan die inspekteur by regulasie kragtens die Wet omskryf;
  - (b) notule gehou word van verrigtings op alle vergaderings en dat afskrifte van sodanige notules aan genoemde inspekteur en die Raad gestuur word;
  - (c) volledige en korrekte rekenings van die Fonds gehou word in die streek/streke wat hy administreer, en dat sodanige rekenings geouditeer word deur 'n ouditeur wat ingevolge artikel 23 van die Wet op Openbare Rekenmeesters en Ouditeurs, 1951, geregistreer is en wat hy vir daardie doel moet aanstel.
- (5) 'n Streekraad het geen diskresionêre bevoegdhede betreffende die toestaan van bykomende hulp aan lede en/of afhanklikes nie, maar kan gevalle wat na sy mening die verlening van spesiale steun verdien, met volle besonderhede aan die Raad voorlê, vir voorlegging aan die Bestuurskomitee vir 'n beslissing oor die vraag of en in welke mate 'n spesiale toekenning gedoen kan word.

## 12. FINANSIËLE BEHEER

- (1) Alle geld wat streekgrade namens die Fonds ontvang, moet binne drie dae na ontvangs daarvan in banke of bouverenigings op naam van die Fonds gedeponeer word en alle onttrekkings uit sodanige rekenings moet, met betrekking tot elke streek—
- (a) deur die betrokke streekraad goedgekeur word;
  - (b) gedoen word per tjek of ander skriftelike dokument wat onderteken is deur twee persone wat behoorlik deur die betrokke streekraad daartoe gemagtig is;
  - (c) ten opsigte van bystand wat deur die Fonds betaalbaar is, opgeskort word wanneer die totale bedrag in die krediet van die rekening van die betrokke Fonds, laer as R200 daal en tot tyd en wyl dit bo R400 styg.
- (2) Die Raad moet alle geldige aansoeke om bystand agtereenvolgens nommer in die volgorde waarin hulle ontvang word gedurende die tydperk waarin betaling van bystand ingevolge subklousule (1) (c) opgeskort is (hierna die tydperk van opskorting van bystand genoem) en moet sodanige aansoeke behou vir behandeling ingevolge subklousule (3).
- (3) Wanneer betaling van bystand hervat word na 'n tydperk van opskorting van bystand soos in subklousule (2) uiteengesit, moet die geldige eise wat gedurende genoemde tydperk ontvang is, eerste betaal word; en genoemde eise moet betaal word in die numerieke volgorde waarin hulle ontvang is.
- (4) Alle uitgawes aangegaan in verband met die administrasie van die Fonds in 'n streek kom ten laste van die Fonds met betrekking tot daardie streek.
- (5) Geld wat meer is as 'n streekraad se maandelikse vereistes vir die Fonds soos deur sodanige streekraad bepaal, moet maandeliks aan die Raad gestuur word om namens die Fonds ooreenkomstig artikel 21 (3) van die Wet belê te word: Met dien verstande dat die Raad, waar nodig, toekennings uit sodanige geld kan doen wat vir die doeleindes van die Fonds in enige streek gebruik moet word.
- (6) Elke streekraad moet maandelikse verslae aan die Raad voorlê wat onder andere besonderhede bevat van die bystand en hulp wat in sy streek deur die Fonds verskaf is en die geld wat deur die Fonds ontvang en uitbetaal is vir die tydperk waarop die verslag betrekking het.
- (7) (a) Elke streekraad moet ten opsigte van die streek of streke wat hy administreer, voor of op 15 Februarie elke jaar state aan die Raad voorlê wat geouditeer is deur die ouditeur aangestel kragtens klousule 11 (4) (c) en wat deur sy voorsitter mede-onderteken is, en sodanige state moet die inkomste en uitgawes van die Fonds vir die voorafgaande 12 maande geëindig 31 Desember en sy bates en laste soos op daardie datum toon. Hierdie state en die ouditeur se verslag daaroor moet by die kantore van die betrokke streekgrade beskikbaar wees vir insae deur bydraers tot die Fonds, wat die reg het om afskrifte daarvan te maak of uittreksels daaruit te neem.
- (b) Uit die geouditeerde state hierin bedoel, moet die Sekretaris van die Raad 'n gekonsolideerde inkomste- en uitgawerekening en 'n balansstaat van die Fonds opstel, dit deur die Raad se ouditeurs laat ouditeer en, ná goedkeuring deur die Raad, afskrifte daarvan by die Direkteur-generaal van Arbeid indien.

## 13. VRYWARING

Die lede van 'n streekraad en die ampsdraers en werknemers van die Fonds is nie vir die skulde en laste van die Fonds aanspreeklik nie en hulle word hierby deur die Fonds gevrywaar teen alle verliese en onkoste wat hulle in of in verband met die *bona fide*-uitvoering van hul pligte ly en aangaan.

#### 14. GESKILLE

(1) Behoudens subklousule (2), moet alle geskille oor die vertolking, betekenis of bedoeling van enige bepaling van hierdie Ooreenkoms of oor die administrasie van die Fonds *mutatis mutandis* ooreenkomstig die prosedure in artikel 9 van die Raad se konstitusie bepaal, deur 'n streekraad behandel word.

(2) (a) 'n Lid wat nie tevrede is nie met die beslissing van 'n streekraad ten opsigte van 'n eis deur hom teen die Fonds ingestel, kan by die Raad appelleer en die Raad se beslissing in hierdie verband is finaal.

(b) As 'n lid by die Raad appelleer, moet die betrokke streekraad, wanneer hy aldus deur die Sekretaris van die Raad versoek word, besonderhede van die lid se saak vir oorweging aan die Raad voorlê.

#### 15. VERSTRYKING VAN DIE OOREENKOMS EN ONTBINDING VAN DIE RAAD

(1) Wanneer hierdie Ooreenkoms weens verloop van tyd verstryk of om 'n ander rede verval, moet die Fonds nog deur die streekraade geadminestreer word totdat die Fonds gelikwedeer of by 'n latere ooreenkoms voortgesit word: Met dien verstande dat die Fonds gelikwedeer moet word volgens die wyse van beëindiging van die Fonds wat in subklousule (2) voorgeskryf word, tensy 'n ooreenkoms wat vir die voortsetting daarvan voorsiening maak, binne 'n tydperk van 12 maande na verstryking van hierdie Ooreenkoms aangegaan word.

(2) Wanneer die Raad ontbind word of wanneer hy ophou om te funksioneer gedurende 'n tydperk waarin hierdie Ooreenkoms ingevolge die Wet bindend is moet die streekraade behoudens die goedkeuring van die Nywerheidsregistrator ingevolge die eerste voorbehoudsbepaling van artikel 34 (2) van die Wet, voortgaan om die Fonds te administreer, en bystand te verskaf uit die geld wat op sodanige datum in die krediet van die Fonds staan tot tyd en wyl sodanige geld uitgeput is. Die lede van die streekraade wat op daardie datum bestaan, moet vir sodanige doel geag word lede daarvan te wees: Met dien verstande egter dat 'n vakature wat in 'n streekraad ontstaan, deur die Registrator uit die geledere van die werkgewers of die werknemers in die Nywerheid, na gelang van die geval, gevul kan word ten einde te verseker dat die getal werkgewers- en werknemersverteenvoordigers in die streekraad ewe groot is. Wanneer 'n streekraad nie daartoe in staat is nie of onwillig is om sy pligte uit te voer of wanneer hy voor 'n dooie punt te staan kom wat die administrasie van die Fonds na die mening van die registrator ondoenlik of onwenslik maak, kan hy 'n trustee of trustees aanstel om die pligte van die streekraad uit te voer, en sodanige trustee of trustees het vir sodanige doel al die bevoegdhede van die streekraad.

#### 16. LIKWIDASIE

By likwidasië of ontbinding van die Fonds ingevolge klousule 15 van hierdie Ooreenkoms, moet die geld wat in die krediet van die Fonds staan nadat alle eise teen die Fonds betaal is, met inbegrip van administrasie-, likwidasië- of ontbindingskoste wat die Fonds in die eerste instansie ten laste gelê moet word, in die algemene fondse van die Raad gestort word en indien die sake van die Raad reeds gelikwedeer en die bates verdeel is, moet sodanige saldo van die Fonds verdeel word soos bepaal in artikel 34 (4) van die Wet asof dit deel van die algemene fondse van die Raad uitmaak.

#### 17. AGENTE

Die Raad of die streekraade kan een of meer aangewese persone as agente aanstel om te help met die administrasie van hierdie Ooreenkoms, en dit is die plig van elke werkgewer en werknemer om sodanige persoon toe te laat om dié perseel binne te gaan, dié navrae te doen en te voltooi en dié dokumente, boeke, loonstate, tydstate en betaalkaarte te ondersoek en dié individue te ondervra en alles te doen wat nodig is ten einde vas te stel of hierdie Ooreenkoms nagekom word, en niemand mag 'n valse verklaring aan sodanige agent in verband met sy ondersoek doen nie.

#### 18. VRYSTELLINGS

Die Raad, of 'n streekraad ten opsigte van die streek wat hy administreer, kan vrystelling verleen van enigiens van of al die bepalinge van hierdie Ooreenkoms op dié voorwaardes en vir dié tydperk wat hy mag vasstel.

#### 19. VERTONING VAN OOREENKOMS

Elke werkgewer in die streke hierin omskryf, moet 'n eksemplaar van hierdie Ooreenkoms in die vorm voorgeskryf by die regulasies ingevolge die Wet, in leesbare letters in die elf amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika op 'n opvallende plek op sy perseel opplak en opgeplak hou.

#### 20. VERJARING

'n Streekraad het die reg om te weier om die wyse te hersien waarop 'n eis deur die Fonds behandel is as meer as twee jaar verstryk het sedert die datum waarop die betrokke eis oorspronklik betaal of verwerp is.

#### 21. GEDISHONOREERDE TJEKS

Wanneer 'n werkgewer 'n bedrag geld wat kragtens hierdie Ooreenkoms aan die Raad verskuldig is, anders as in kontant betaal en sodanige betaling om watter rede ook al nie gehonoreer word nie, moet die werkgewer na goeddunke van die Raad 'n boete aan die Raad betaal gelyk aan 1½ persent van die bedrag van die bedoelde betaling. Enige boete verskuldig aan die Raad ingevolge hierdie klousule is op aanvraag betaalbaar.

Namens die partye op hede die 8ste dag van November 1996 te Randburg onderteken.

#### T. NIEUWOUDT

President van die Raad

#### M. LOUW

Vise-President van die Raad

#### B. G. DU PREEZ

Algemene Sekretaris van die Raad

**AANHANGSEL A****AUTOMED- MEDIESE HULPFONDS VIR MOTORWERKERS****AANSOEK OM LIDMAATSKAP EN REGISTRASIE VAN AFHANKLIKES**

Ek, (volle naam in blokletters) ....., (Identiteitsnommer .....,) 'n lid van die vakvereniging ..... (Vakvereniging No. ....), in diens by (werkgewer se naam en adres) ....., woonagtig te (aansoeker se privaat adres) ....., gebore op ..... (dag) ..... (maand) ..... (jaar), en ..... van beroep, doen hierby aansoek om as lid van die AUTOMED-Mediese Hulpfonds vir Motorwerkers geregistreer te word en om registrasie van ondergenoemde afhanklikes. Ek onderneem om die bepalings van die Reëls van die Fonds wat van tyd tot tyd van krag is, na te kom.

Ek is ongetroud/getroud/'n wewenaar/'n weduwee/geskei. (Skrap wat nie van toepassing is nie.)

**Opmerking:** Antwoord "Ja" of "Nee" op die volgende vrae, en as die antwoord "Ja" is, verstrek volle besonderhede:

1. Ly u of enige van u afhanklikes aan, of het u of enige van u afhanklike te eniger tyd gely aan, enige wanskapenheid, verminking, liggaamsgebrek, chroniese siekte of enige siekte van watter aard ook al? .....
2. (a) Het u al voorheen tot hierdie Fonds bygedra? .....  
Indien wel, waar? .....  
Naam en adres van vorige werkgever.....

Datum van ontslag.....

- (b) Het u te eniger tyd tot 'n ander mediese skema bygedra? Indien wel, verstrek datums van lidmaatskap en naam van fonds.....

3. Is u of enige van u afhanklikes deur 'n ander mediese skema gedek?.....
4. Ontvang enige van u afhanklikes 'n inkomste?.....

**BESONDERHEDE VAN AFHANKLIKES (WOONAGTIG IN SUID-AFRIKA)**

Volle naam (blokletters)	Presiese geboortedatum	Chroniese ongeskikthede	Verwantskap (gade, dogter, seun, ens.)
.....	.....	.....	.....
.....	.....	.....	.....
.....	.....	.....	.....
.....	.....	.....	.....

Ek verklaar plegtig en opreg dat al die besonderhede wat ek in hierdie vorm verstrek het, na my beste wete en oortuiging waar en korrek is, dat bogenoemde afhanklikes by my inwoon, dat hulle geen inkomste ontvang nie en dat hulle vry van siekte of swaakheid van chroniese aard is, behalwe soos hierbo gespesifiseer.

Op hede die ..... dag van ..... 19 ..... onderteken.

.....  
Handtekening

**AANHANGSEL B****AANSOEK OM VRYWILLIGE LIDMAATSKAP VAN DIE AUTOMED- MEDIESE HULPFONDS VIR MOTORWERKERS**

Ek, (volle naam in blokletters) .....,  
in diens by (werkgewer se naam en adres) .....  
.....  
woonagtig te (aansoeker se privaat adres) .....  
.....  
gebore op ..... (dag) ..... (maand) ..... (jaar),  
en ..... van beroep,  
doen hierby aansoek om as vrywillige lid van die AUTOMED- Mediese Hulpfonds vir Motorwerkers, geregistreer te word.

Ek onderneem om die bepalings van die Reëls van die Fonds wat van tyd tot tyd van krag is, na te kom.

My Identiteitsnommer is .....

**Opmerking:**—Beantwoord die volgende vrae en verstrek volle besonderhede:

- (1) Hoeveel sal u, soos met u werkgewer ooreengekom, elke week tot die Fonds bydra? .....
- (2) Ly u of enige van u afhanklikes aan, of het u of enige van u afhanklikes te eniger tyd gely aan, enige wanskapenheid, verminking, liggaamsgebrek, chroniese siekte of enige siekte van watter aard ook al? .....

- (3) Het u al voorheen in hierdie of enige ander streek tot hierdie Fonds bygedra? .....
- (4) Is u 'n lid van die National Union of Metalworkers of South Africa? .....  
Indien wel, meld lidmaatskapsnommer .....
- (5) Is u ongetroud/getroud/'n wewenaar/'n weduwee/geskei? (Skrap wat nie van toepassing is nie.) .....
- (6) Is u of enige van u afhanklikes deur 'n ander mediese skema gedek? .....
- (7) Ontvang enige van u afhanklikes 'n inkomste? .....

**BESONDERHEDE VAN AFHANKLIKES (WOONAGTIG IN SUID-AFRIKA)**

Volle naam (blokletters)	Presiese geboortedatum	Chroniese ongeskikthede	Verwantskap (gade, dogter, seun, ens.)
.....	.....	.....	.....
.....	.....	.....	.....
.....	.....	.....	.....

Ek verklaar plegtig en opreg dat al die besonderhede wat ek in hierdie vorm verstrek het, na my beste wete en oortuiging waar en korrek is, dat bogenoemde afhanklikes by my inwoon, dat hulle geen inkomste ontvang nie en dat hulle vry van siekte of swakheid van chroniese aard is, behalwe soos hierbo gespesifiseer.

Op hede die ..... dag van ..... 19 ..... onderteken.

.....  
Handtekening

**No. R. 133**

**31 January 1997**

**LABOUR RELATIONS ACT, 1956**

**ELECTRICAL CONTRACTING INDUSTRY, TRANSVAAL: AMENDMENT OF MAIN AGREEMENT**

I, Tito Titus Mboweni, Minister of Labour, hereby—

- (a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 January 1998, upon the employers' organisation and the trade unions which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or unions; and
- (b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1) (a), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 31 January 1998, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the areas specified in clause 1 of the Amending Agreement.

**T. T. MBOWENI**

**Minister of Labour**

**SCHEDULE**

**INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE ELECTRICAL CONTRACTING INDUSTRY**

**AGREEMENT**

in accordance with the provisions of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

**Electrical Contractors' Association (South Africa)**

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

**South African Electrical Workers' Association**

and the

**Metal and Electrical Workers' Union of South Africa**

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions", of the other part,

being the parties to the Industrial Council of the Electrical Contracting Industry,



to amend the Agreement published under Government Notice No. R. 1189 of 24 May 1991 (hereinafter referred to as the "Re-enacting Agreement"), as renewed and amended by Government Notices Nos. R. 1743 of 2 August 1991, R. 2412 of 4 October 1991, R. 3 of 3 January 1992, R. 1963 of 10 July 1992, R. 2688 of 25 September 1992, R. 2143 of 12 November 1993, R. 2510 of 31 December 1993, R. 1369 of 5 August 1994, R. 1637 of 23 September 1994 and R. 733 and R. 734 of 19 May 1995, R. 623 of 19 April 1996, R. 1234 of 26 July 1996 and R. 2091 of 20 December 1996

## PART I

### GENERAL CONDITIONS APPLICABLE THROUGHOUT THIS AGREEMENT

#### 1. AREA AND SCOPE OF APPLICATION

(1) The terms of this Agreement shall be observed by all employers and employees in the Electrical Contracting Industry—

- (a) who are members of the employers' organisation and the trade unions, respectively; and
- (b) who are engaged and employed in the Industry in the Magisterial Districts of Sasolburg and Bloemfontein and in the Province of the Transvaal as it existed immediately prior to the date of coming into operation of the Constitution of the Republic of South Africa, 1993 (Act No. 200 of 1993); and
- (c) in the Province of the Free State (excluding the Magisterial Districts of Sasolburg and Bloemfontein) in respect of paragraphs (a), (b), (c), (d) and (e) of the Electrical Contracting Industry definition as defined in clause 3 (11) of this Agreement: Provided that the Electrical Contracting Industry as defined in the aforementioned paragraphs shall not include the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry and the Local Authority Undertaking; and
- (d) in the Magisterial Districts of Aberdeen, Adelaide, Albert, Aliwal North, Barkly East, Bedford, Britstown, Carnarvon, Cathcart, Colesberg, Cradock, De Aar, Elliot, Fort Beaufort, Fraserburg, Graaff-Reinet, Hankey, Hanover, Hofmeyr, Indwe, Jansenville, King William's Town, Kirkwood, Komga, Lady Grey, Ladismith, Maclear, Middelburg (Eastern Cape), Molteno, Murraysburg, Noupoot, Pearston, Phillipstown, Prince Albert, Queenstown, Richmond (Northern Cape), Riversdale, Somerset East, Sterkstroom, Steynsburg, Steytlerville, Stutterheim, Tarka, Venterstad, Victoria West, Williston, Willowmore and Wodehouse in respect of paragraphs (a), (b), (c), (d) and (e) of the Electrical Contracting Industry definition as defined in clause 3 (11) of this Agreement: Provided that the Electrical Contracting Industry as defined in the aforementioned paragraphs shall not include the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry and the Local Authority Undertaking; and
- (e) in the Magisterial Districts of Albany, Alexandria, Bathurst, Beaufort West, Calitzdorp, George, Humansdorp, Joubertina, Knysna, Ladismith, Mossel Bay, Oudtshoorn, Port Elizabeth, Queenstown, Riversdale, Uitenhage and Uniondale: Provided that the Electrical Contracting Industry as defined in the aforementioned paragraphs shall not include the Iron, Steel, Engineering and Metallurgical Industry, the Local Authority Undertaking and the Building Industry.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall apply to apprentices and trainees only in so far as they are not inconsistent with the provisions of the Manpower Training Act, 1981, or any conditions prescribed or any notices served in terms thereof.

(3) For the purposes of this Agreement, the "weekly wage rate" of apprentices prescribed under the Manpower Training Act, 1981, shall be taken to be the weekly wage of such employees, and the "hourly rate" shall be the weekly wage calculated as above, divided by the number of ordinary hours worked in the establishment concerned.

## PART II

### 3. CLAUSE 4: SCHEDULE OF WAGES AND/OR EARNINGS

Substitute the following for clause 4:

"(1) (a) With effect from the date of coming into operation of this Agreement, no employer shall pay and no employee shall accept wages at rates lower than the following: Provided that where an employer carries out work in an area for which higher wages are prescribed than those which apply for the area in which his business is situated, his employees shall be paid no less than the minimum wages prescribed for such higher rated area for the duration of period during which such an employee works in such higher rated area:

	Area A Per hour Cents	Area B Per hour Cents	Area C Per hour Cents
Master installation electrician.....	2 628	2 234	2 104
Installation electrician.....	2 420	2 056	1 935
Electrical tester for single phase.....	2 209	1 877	1 768
Electrician, artisan, and DAM .....	2 103	1 786	1 683
Elconop 3 .....	1 530	1 301	1 222
Elconop 2 .....	1 297	1 103	1 037
Elconop 1 .....	800	680	641
Driver of a vehicle, the unladen mass of which is—			
(a) up to 3 500 kg.....	880	747	705
(b) from 3 501 kg to 9 000 kg .....	1 041	884	832
(c) 9 001 kg and over.....	1 157	982	924
Labourer.....	691	584	551

	Area D Per hour Cents	Area E Per hour Cents
Master installation electrician.....	1 579	1 536
Installation electrician.....	1 451	1 412
Electrical tester for single phase.....	1 326	1 290
Electrician, artisan, and DAM .....	1 263	1 229
Elconop 3 .....	916	892
Elconop 2 .....	778	757
Elconop 1 .....	481	469
Driver of a vehicle, the unladen mass of which is—		
(a) up to 3 500 kg.....	529	515
(b) from 3 501 kg to 9 000 kg .....	624	607
(c) 9 001 kg and over.....	693	674
Labourer.....	414	403

	Area F Per hour Cents	Area G Per hour Cents	Area H Per hour Cents
Master installation electrician.....	1 972	1 676	1 579
Installation electrician.....	1 814	1 542	1 451
Electrical tester for single phase.....	1 606	1 408	1 326
Electrician, artisan, and DAM .....	1 606	1 341	1 262
Elconop 3 .....	1 167	992	934
Elconop 2 .....	1 025	871	821
Elconop 1 .....	658	550	517
Driver of a vehicle, the unladen mass of which is—			
(a) Up to 3 500 kg.....	637	542	510
(b) from 3 501 kg to 9 000 kg .....	756	642	605
(c) 9 001 kg and over.....	839	714	672
Labourer.....	649	543	512

- (b) Every employee who on the date of coming into operation of this Agreement is employed by an employer on work classified in the Agreement and whose actual rate of pay immediately prior to the said date was in excess of the rate specified for his class of work in this Agreement shall, whilst in the employ of the same employer, be paid not less than the actual rate he was receiving immediately prior to the said date plus, as a guaranteed personal increase, an additional amount of 5% of his actual hourly rate of pay.”.

Add the following new subclause (1) (c):

- “(c) The additional amount payable in terms of subclause (b) may be reduced by the amount of any increase or increases granted to such employee on or subsequent to 1 October 1996.”.

Signed at Johannesburg, as authorised, for and on behalf of the parties to the Council, this 18th day of September 1996.

**J. C. BAKER**

Chairman

**D. CAMPER**

Vice-Chairman

**C. S. STRYDOM**

Secretary

No. R. 133

31 Januarie 1997

## WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

**ELEKTROTEGNIIESE AANNEMINGSNYWERHEID, TRANSVAAL: WYSIGING VAN HOOFDOOREENKOMS**

Ek, Tito Titus Mboweni, Minister van Arbeid, verklaar hierby—

- (a) kragtens artikel 48 (1) (a) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van die Ooreenkoms (hierna die Wysigingsooreenkoms genoem) wat in die Bylae hiervan verskyn en betrekking het op die Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die opskrif by hierdie kennisgewing vermeld, met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Januarie 1998 eindig, bindend is vir die werkgewersorganisasie en die vakverenigings wat die Wysigingsooreenkoms aangegaan het en vir die werkgewers en werknemers wat lede van genoemde organisasie of verenigings is; en
- (b) kragtens artikel 48 (1) (b) van genoemde Wet, dat die bepalings van die Wysigingsooreenkoms, uitgesonderd dié vervat in klousule 1 (1) (a), met ingang van die tweede Maandag na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Januarie 1998 eindig, bindend is vir alle ander werkgewers en werknemers as dié genoem in paragraaf (a) van hierdie kennisgewing wat betrokke is by of in diens is in genoemde Onderneming, Nywerheid, Bedryf of Beroep in die gebiede in klousule 1 van die Wysigingsooreenkoms gespesifiseer.

**T. T. MBOWENI****Minister van Arbeid****BYLAE****NYWERHEIDSRaad VIR DIE ELEKTROTEGNIIESE AANNEMINGSNYWERHEID****OOREENKOMS**

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, gesluit deur en aangegaan tussen die

**Electrical Contractors' Association (South Africa)**

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasie" genoem), aan die een kant, en die

**South African Electrical Workers' Association**

en die

**Metal and Electrical Workers' Union of South Africa**

(hierna die "werknemers" of die "vakverenigings" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Nywerheidsraad vir die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid,

tot wysiging van die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1189 van 24 Mei 1991 (hierna die "Herbekragtigingsooreenkoms" genoem) soos hernieu en gewysig by Goewermentskennisgewings Nos. R. 1743 van 2 Augustus 1991, R. 2412 van 4 Oktober 1991, R. 3 van 3 Januarie 1992, R. 1963 van 10 Julie 1992, R. 2688 van 25 September 1992, R. 2143 van 12 November 1993, R. 2510 van 31 Desember 1993, R. 1369 van 5 Augustus 1994, R. 1637 van 23 September 1994 en R. 733 en R. 734 van 19 Mei 1995, R. 623 van 19 April 1996, R. 1234 van 26 Julie 1996 en R. 2091 van 20 Desember 1996.

**DEEL I****ALGEMENE VOORWAARDES WAT DEURGAANS OP HIERDIE OOREENKOMS VAN TOEPASSING IS****1. GEBIED EN TOEPASSINGSBESTEK**

(1) Hierdie Ooreenkoms moet nagekom word deur alle werkgewers en werknemers in die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid—

- (a) wat lede is van onderskeidelik die werkgewersorganisasie en die vakverenigings; en
- (b) wat betrokke is by of werksaam is in die Nywerheid in die landdrosdistrikte Sasolburg en Bloemfontein en in die provinsie Transvaal soos dit bestaan het onmiddellik voor die datum van inwerkingtreding van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1993 (Wet No. 200 van 1993); en
- (c) in die provinsie Vrystaat (uitgesonderd die landdrosdistrikte Bloemfontein en Sasolburg) ten opsigte van paragrawe (a), (b), (c), (d) en (e) van die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid soos omskryf in klousule 3 (11) van hierdie Ooreenkoms: Met dien verstande dat die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid soos in voornoemde paragrawe omskryf, nie die Yster-, Staal-, Ingenieur- en Metallurgiese Nywerheid en die Plaaslike Owerheidsonderneming omvat nie; en
- (d) in die landdrosdistrikte Aberdeen, Adelaide, Albert, Aliwal-Noord, Barkly-Oos, Bedford, Britstown, Carnarvon, Cathcart, Colesberg, Cradock, De Aar, Elliot, Fort Beaufort, Fraserburg, Graaff-Reinet, Hankey, Hanover, Hofmeyr, Indwe, Jansenville, King William's Town, Kirkwood, Komga, Lady Grey, Ladismith, Maclear, Middelburg (Oos-Kaap), Molteno, Murraysburg, Noupoot, Pearston, Phillipstown, Prince Albert, Queenstown, Richmond



(Noord-Kaap), Riversdale, Somerset-Oos, Sterkstroom, Steynsburg, Steytlerville, Stutterheim, Tarka, Venterstad, Victoria-Wes, Williston, Willowmore en Wodehouse ten opsigte van paragrawe (a), (b), (c), (d) en (e) van die omskrywing van die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid soos omskryf in klousule 3 (11) van hierdie ooreenkoms: Met dien verstande dat die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid soos in voornoemde paragrawe omskryf, nie die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid en die Plaaslike Owerheidsonderneming omvat nie; en

(e) in die landdrostdistrikte Albany, Alexandria, Bathurst, Beaufort-Wes, Calitzdorp, George, Humansdorp, Joubertina, Knysna, Ladismith, Mosselbaai Oudtshoorn, Port Elizabeth, Queenstown, Riversdal, Uitenhage en Uniondale: Met dien verstande voorts dat die Elektrotegniese Aannemingsnywerheid soos in voornoemde paragrawe omskryf, nie die Yster-, Staal-, Ingenieurs- en Metallurgiese Nywerheid- die Plaaslike Owerheidsonderneming en die Bounywerheid omvat nie.

(2) Ondanks subklousule (1) is die Ooreenkoms van toepassing op vakleerlinge en kwekelinge slegs vir sover dit nie strydig is met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of met voorwaardes of kennisgewings wat daarkragtens voorgeskryf of bestel is nie.

(3) Vir die toepassing van hierdie Ooreenkoms word die weeklikse loonskaal van vakleerlinge wat kragtens die Wet op Mannekragopleiding, 1981, voorgeskryf is as die weekloon van sodanige werknemers geag en is die uurloon die weekloon soos hierbo bereken, gedeel deur die getal gewone ure wat daar in die betrokke bedryfsinrigting gewerk word.

## DEEL II

### 3. KLOUSULE 4: OPGAWE VAN LONE EN VERDIENSTE

Vervang Klousule 4 deur die volgende:

"(1) (a) Met ingang van die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms, mag geen laer lone as die onderstaande deur 'n werkgever betaal en deur 'n werknemer aanvaar word nie: Met dien verstande dat waar 'n werkgever werk verrig in 'n gebied waarvoor hoër lone voorgeskryf word as dié wat van toepassing is op die gebied waarin sy besigheid geleë is, sy werknemers minstens die minimum loon betaal word vir sodanige gebied waarvoor hoër lone voorgeskryf word vir die tydperk wat die werknemer in sodanige gebied werksaam is:

	Area A Per uur Sent	Area B Per uur Sent	Area C Per uur Sent
Meester-installasie-elektrisiën.....	2 628	2 234	2 104
Installasie-elektrisiën.....	2 420	2 056	1 935
Elektriese toetser vir enkelfase.....	2 209	1 877	1 768
Elektrisiën, ambagsman en HTW.....	2 103	1 786	1 683
Elkonop 3.....	1 530	1 301	1 222
Elkonop 2.....	1 297	1 103	1 037
Elkonop 1.....	800	680	641
Drywer van 'n voertuig waarvan die onbelaste massa—			
(a) hoogstens 3 500 kg is.....	880	747	705
(b) van 3 501 kg tot 9 000 kg is.....	1 041	884	832
(c) 9 001 kg en meer is.....	1 157	982	924
Arbeider.....	691	584	551

	Area D Per uur Sent	Area E Per uur Sent
Meester-installasie-elektrisiën.....	1 579	1 536
Installasie-elektrisiën.....	1 451	1 412
Elektriese toetser vir enkelfase.....	1 326	1 290
Elektrisiën, ambagsman en HTW.....	1 263	1 229
Elkonop 3.....	916	892
Elkonop 2.....	778	757
Elkonop 1.....	481	469
Drywer van 'n voertuig waarvan die onbelaste massa—		
(a) hoogstens 3 500 kg is.....	529	515
(b) van 3 501 kg tot 9 000 kg is.....	624	607
(c) 9 001 kg en meer is.....	693	674
Arbeider.....	414	403



	Area F Per uur Sent	Area G Per uur Sent	Area H Per uur Sent
Meester-installasie-elektrisiën.....	1 972	1 676	1 579
Installasie-elektrisiën.....	1 814	1 542	1 451
Elektriese toetser vir enkelfase.....	1 606	1 408	1 326
Elektrisiën, ambagsman en HTW .....	1 606	1 341	1 262
Elkonop 3.....	1 167	992	934
Elkonop 2.....	1 025	871	821
Elkonop 1.....	658	550	517
Drywer van 'n voertuig waarvan die onbelaste massa—			
(a) hoogstens 3 500 kg is .....	637	542	510
(b) van 3 501 kg tot 9 000 kg is .....	756	642	605
(c) 9 001 kg en meer is.....	839	714	672
Arbeider .....	649	543	512

- (b) Elke werknemer wat op die datum van inwerkingtreding van hierdie Ooreenkoms by 'n werkgewer in diens is vir die verrigting van werk wat in die Ooreenkoms ingedeel is en wie se werklike loon onmiddellik voor genoemde datum hoër was as die loon wat vir sy klas werk in hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, moet, terwyl hy in diens van dieselfde werkgewer is, minstens die werklike loon betaal word wat hy onmiddellik voor genoemde datum ontvang het, plus as 'n gewaarborgde persoonlike verhoging, 'n addisionele bedrag van 5% van sy werklike uurloon.”.

Voeg die volgende nuwe subklousule (1) (c) by:

- “(c) Die addisionele bedrag betaalbaar ingevolge subklousule (b) kan verminder word met die bedrag van enige verhoging of verhogings toegestaan aan sulke werknemers op of sedert 1 Oktober 1996.”.

Soos gemagtig, vir en namens die partye by die Raad, op die 18de dag van September 1996 te Johannesburg onderteken.

**J. C. BAKER**

Voorsitter

**D. CAMPHER**

Onder-voorsitter

**C. S. STRYDOM**

Sekretaris

**No. R. 134**

**31 January 1997**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

**CLOTHING INDUSTRY, ORANGE FREE STATE AND NORTHERN CAPE:  
AMENDMENT OF MEDICAL BENEFIT SOCIETY AGREEMENT**

I, Tito Titus Mboweni, Minister of Labour, hereby—

- (a) in terms of section 48 (1) (a) of the Labour Relations Act, 1956, declare that the provisions of the Agreement (hereinafter referred to as the Amending Agreement) which appears in the Schedule hereto and which relates to the Undertaking, Industry, Trade or Occupation referred to in the heading to this notice, shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 10 May 1998, upon the employers' organisation and the trade union which entered into the Amending Agreement and upon the employers and employees who are members of the said organisation or union; and
- (b) in terms of section 48 (1) (b) of the said Act, declare that the provisions of the Amending Agreement, excluding those contained in clause 1 (1), shall be binding, with effect from the second Monday after the date of publication of this notice and for the period ending 10 May 1998, upon all employers and employees, other than those referred to in paragraph (a) of this notice, who are engaged or employed in the said Undertaking, Industry, Trade or Occupation in the area specified in clause 1 of the Amending Agreement.

**T. T. MBOWENI**

Minister of Labour

**SCHEDULE****INDUSTRIAL COUNCIL FOR THE CLOTHING INDUSTRY, ORANGE FREE STATE AND NORTHERN CAPE:  
MEDICAL BENEFIT SOCIETY****AGREEMENT**

in terms of the Labour Relations Act, 1956, made and entered into by and between the

**Orange Free State and Northern Cape Clothing Manufacturers' Association**

(hereinafter referred to as the "employers" or the "employers' organisation"), of the one part, and the

**Southern African Clothing and Textile Workers' Union**

(hereinafter referred to as the "employees" or the "trade unions"), of the other part,

being parties to the Industrial Council for the Clothing Industry, Orange Free State and Northern Cape,

to amend the Agreement published under Government Notice No. R. 302 of 24 February 1995, as renewed by Government Notice No. R. 1434 of 22 September 1995.

**1. SCOPE OF APPLICATION OF AGREEMENT**

(1) The terms of this Agreement shall be observed in the Magisterial District of Kimberley by all employers who are members of the employers' organisation and who are engaged in the Clothing Industry and by all employees who are members of the trade unions and employed in that Industry.

(2) Notwithstanding the provisions of subclause (1), the terms of this Agreement shall only apply in respect of employees for whom wages are prescribed in the Main Agreement.

**2. CLAUSE 5: CONTRIBUTIONS**

In subclause (1), substitute the expression "R2,25" for the expression "R1,65".

**3. CLAUSE 8: BENEFITS**

In subclause (1) (a) (ii), substitute the expression "R4,00" for the expression "R3,00".

Signed at Johannesburg, on behalf of the parties, this 30th day of October 1996.

**A. LAIRD-SMITH**

